Die geval van die vermiste kolwyntjies

Aadila staan op haar tone by die venster en uitkyk. Sy sien hoe 'n afleweringswa skuins voor hulle huis stilhou. Die drywer klim uit en laai 'n skinkbord vol kolwyntjies wat pragtig versier is, agter uit die voertuig.

Op daardie oomblik begin 'n jong meisie met hom praat. Dit lyk vir Aadila of sy hom vra om iets vir haar te beduie. Die drywer sit die kolwyntjies op die sypaadjie neer sodat hy albei sy hande kan gebruik om te verduidelik.

Aadila skrik toe sy sien hoe 'n skraal jong seun blitsvinnig nader draf, die skinkbord met die kolwyntjies gryp en daarmee laat spaander. Teen die tyd dat die drywer omkyk, is sy kolwyntjies skoonveld!



Aadila probeer die aandag van die drywer trek deur aan die venster te klop, maar hy hoor haar nie. Sy probeer om aan haar pa te verduidelik wat gebeur het, maar hy glimlag net vir haar en streel haar kop.

Sy teken toe 'n prentjie van 'n kolwyntjie en gee dit vir haar ma.

"Wat 'n pragtige tekening, my kind," sê haar ma. "Is dit 'n blom?"

Niemand verstaan wat sy probeer sê nie! Op daardie oomblik besluit Aadila, 18 maande oud, dat sy so gou moontlik sal leer om behoorlik te praat.

Niemand moet haar ooit weer verkeerd verstaan nie!

Tien jaar later ...

Tien jaar later is Aadila 'n flukse Graad 3-leerder. Sy onthou nog steeds haar belofte aan haarself om seker te maak dat sy reg verstaan word.

Nou is Aadila en haar klas besig om 'n verrassingspartytjie vir hulle onderwyseres, mevrou Loubser, te reël. Vandag is hulle egter omgekrap, want die kolwyntjies wat pas afgelewer is, het verdwyn. Aadila en haar beste maats, Anita en Bheka, moet die kolwyntjies voor die partytjie opspoor.

"Ons het drie verdagtes," sê Aadila. "Eerstens is daar Solly Samps en ons weet almal waarom sy bynaam Sjokkie is."

"Tweedens, Maria Dlamini, wat mal is oor sjokoladekoekies!" voeg Anita by.

"En dan is daar Adam Bester," sê Bheka. "Hy eet alles wat voorkom!"

Die drie maats besluit dat Aadila vir Solly sal ondervra, Anita vir Maria en Bheka vir Adam.

Aadila dring aan dat hulle 'n lys vrae moet opstel om aan hulle verdagtes te stel, om seker te maak dat niemand hulle verkeerd sal verstaan nie.

Dan spreek die drie af om weer die volgende middag ná rugby- en hokkie-oefening bymekaar te kom.

Die volgende dag stel hulle hulle plan van aksie in werking. Aadila nader eerste vir Solly.

"Haai Solly! Wag, kan ek saam met jou stap?"

"Natuurlik. Hoe vorder die planne vir mevrou Loubser se partytjie?"

"Sleg. Iemand het al die kolwyntjies vasgelê! Jy weet nie dalk wie dit was nie?"

"Ek kan glad nie dink wie so iets sou gedoen het nie," antwoord Solly. "Almal in ons klas wil tog hê dat die partytjie 'n groot sukses moet wees! Wat gaan ons nou doen? Kan ons almal in die klas vra om

nog geld by te dra, sodat ons ekstra kolwyntjies kan koop?"



Anita ondervra vir Maria voor hulle klas.

"Maria, wag! Wat het jy daar aan jou baadjie? Laat ek dit vir jou afvee!"

"Dankie, Anita!"

"Ek het jou ná die kooroefening gesoek, maar ek kon jou nêrens kry nie."

"Ek moes dadelik vertrek, want my ma moes nagdiens gaan doen. Hoe gaan dit met die voorbereidings vir mevrou Loubser se partyjie? Is daar iets waarmee ek kan help?"

"Dit gaan sleg. Al die kolwyntjies wat ons vir die partytjie gekoop het, het voete gekry. Het jy dalk enige idee wie dit kon geneem het?"

"Sjoe, Anita, ek glo regtig nie dat enigiemand in ons klas mevrou Loubser se partyjie sou wil bederf nie – nie eens Solly, wat mal is oor soetgoed nie!"

Laastens gesels Bheka met Adam.

"Adam, wag! Ek stap saam met jou na die rugbyveld toe. Waar was jy gister ná die oefening?"

"O, ek moes die bus huis toe haal, want my ma en pa moes albei laat werk. Hoekom? Is daar 'n probleem?"

"Al ons kolwyntjies vir mevrou Loubser se partytjie het verdwyn. Ek het gewonder of jy dalk iets daarvan weet?"

"O aarde! Jy dink dat ek dalk die kolwyntjies vasgelê het omdat ek alles eet wat voorkom? Ek sal nooit so iets

doen en ons partytjie bederf nie. Ons het almal so hard gewerk om sukses daarmee te behaal!"

Daardie middag kom die drie speurders weer bymekaar. Hulle stem saam dat nie Adam, Solly of Maria die kolwyntjies sou geneem het nie. Hulle is ook baie seker dat daar geen misverstande was nie.

Al wat hulle nou kan doen, is om die nag by die skool deur te bring en die dief op heterdaad te probeer betrap!

Hulle vra toestemming van die skoolhoof en van hulle ouers. Hulle maak toe drie kampeerbedjies op in die kamer waarin die partytjie gehou gaan word. Toe skakel hulle die lig af en kruip in hulle slaapsakke in. Hulle laat die deur op 'n skreef oop om 'n bietjie lig in die vertrek in te laat.

Aadila en Anita lê rusteloos en rondrol terwyl Bheka snork. "Hoe kan hy slaap terwyl die raaisel nog nie opgelos is nie?" wonder Aadila.

Om 12-uur kraak die deur oop.

"Bheka, Bheka! Word wakker!

"Wat? Wat het gebeur?"

"'n Baie kort persoon het in die kamer ingekom!" fluister Aadila.

Bheka skakel sy flitslig aan. Daar op die tafel, 'n toebroodjie in sy bek, staan Donsie, die skoolhoof se poedel!

Die lewe is vol verrassings!



Die kolwyntjiedief

Pasop, daar's 'n dief onder ons,
Iemand het my kolwyntjie gevat.
Die hele gesin begin nou daaroor gons,
En almal hoop dit was nie die kat.

Is niks in die huis meer veilig nie?
Daardie laaste kolwyntjie was vir my.
Ek het uitgesien om dit te geniet
Later by my tee, lekker verby.

Lukas, kom nader, ek wil na jou kyk,
Dit maak nie saak wat jy ontken.
Die krummels om jou mond laat jou skuldig lyk,
Jy gaan nou ry aan die pen!

Jy's 'n parmantige apie voorwaar,
En ek weet dat jy van kolwyntjies hou.
En nou kla jy ek is naar,
En gee ander die skuld sommer gou.

Uitgevang, dit moet jy aanvaar,
En moet ook nie dink dis 'n grap.
Ontkenning help niks, sowaar,
Jy's op heterdaad betrap!

Interessante feite oor kolwyntjies

- Daar is reeds in 1796 na 'n resep vir kolwyntjies verwys.
- Aan die begin is kolwyntjies in teekoppies gebak.
- Kolwyntjies het gewild geword omdat hulle tyd bespaar het en makliker was om te bak as groter koeke.
- Kolwyntjies word soms "feëkoekies" genoem.
- Die grootste kolwyntjie wat ooit gemaak is, het 555 kg geweeg, was meer as 'n meter hoog en 3 meter breed. Dit het 2 miljoen kalorieë bevat.
- Dit was Winston Churchill wat voorgestel het dat kolwyntjies versier moes word. Later het hy kolwyntjies die skuld vir sy ronde wange gegee.
- 'n Bakkery in Amerika het 'n soort OTM ontwikkel wat 24 uur per dag vars kolwyntjies lewer. Dit voorsien tot 600 vars kolwyntjies op 'n slag!

Groepleesaktiwiteite

1 Lees die volgende vrae en skryf die antwoorde in jou klaswerkboek.

a. Kyk na die titel en omslag van die boek. Dink jy die titel en die omslag is gepas? Motiveer jou antwoord.

b. Wie is die hoofkarakter in die storie?

c. Aadila se ma het gedink dat Aadila se tekening soos 'n blom lyk. Hoe dink jy het dit Aadila laat voel?

f. Waarom het niemand verstaan wat Aadila vir hulle probeer sê het nie?

g. Het jy die storie geniet? Skryf 10 sinne waarin jy verduidelik waarom jy van die storie gehou het of nie daarvan gehou het nie.

h. Het jy al ooit iets verlê waarvan jy gehou het en toe weer daarop afgekom?

(1) Sê vir jou maat wat jy verlê het en hoe jy dit weer gekry het.

(2) Skryf nou twee paragrawe oor die ding wat jy verlê en toe weer gekry het.

i. In die storie het die skoolhoof se hond die kolwyntjies "gesteel". Skryf 'n nuwe einde vir die storie.

2 Verbeel jou dat iets in jou klas verdwyn het. Gebruik die vraagwoorde (wie, wat, waar, wanneer en waarom/hoekom) om vyf vrae op te stel oor die voorwerp wat vermis word. Ondervra nou twee mense in jou klas oor die vermiste item. Skryf hulle antwoorde in 'n vraag-en-antwoord-formaat neer.

3 Gebruik die woorde **en**, **sodat** en **toe** om die sinne hieronder te verbind en saamgestelde sinne te vorm.



a. Die drywer het die kolwyntjies neergesit.
   Hy het omgekyk.
b. Aadila het by die venster uitgekyk.
   Sy het 'n jong meisie gesien.
c. Aadila het besluit dat sy behoorlik sou leer praat.
   Mense sou haar verstaan.

4 Skryf die volgende in die indirekte rede oor.

a. "Ek moes vroeg vertrek omdat my ma nagdiens moes doen," sê Maria.
b. "'n Baie kort persoon het in die kamer ingekom!" fluister Aadila.

5 Julle klas het besluit om 'n jaareindpartytjie vir julle onderwyser te reël. Skryf vir haar 'n uitnodigingskaartjie. Die kaartjie moet die volgende inligting bevat:

- Die klas wat die partytjie gaan hou.
- Die naam van die onderwyser aan wie die uitnodiging gerig word.
- Die dag en datum waarop die partytjie gaan plaasvind.
- Waar die partytjie gehou gaan word, en indien nodig 'n straatadres.
- Hoe laat die partytjie gaan begin en eindig.
- Wie gebel moet word om die uitnodiging te aanvaar, asook 'n telefoonnommer.

6 Werk saam met 'n maat. Julle moet vir almal in die klas geld vra om die partytjie te reël, maar eers moet julle uitwerk hoeveel om te vra.

Trek twee kolomme op. Skryf in die eerste kolom 'n lys van al die items wat julle sal moet koop. Skryf in die tweede kolom die prys van elke item neer. Tel al die bedrae bymekaar. Deel die totale bedrag deur die aantal kinders in die klas. Dit is die bedrag wat elke kind sal moet bydra.

7 Skryf 'n brief aan jou onderwyser. Bedank haar in die eerste paragraaf vir alles wat sy vir julle doen. Sê in die tweede paragraaf vir haar waarom jy haar klas soveel geniet. Wens haar in die laaste paragraaf 'n voorspoedige vakansie toe. Gebruik die uitleg hieronder en skryf die brief in jou klaswerkboek.

Adres
Datum

Liewe juffrou/mevrou _____

_____

_____

_____

Beste wense
Jou naam